

Net nog 'n dag. Dis nou wel 'n natte nadat dit gister droog was, en hy bevind hom op 'n nuwe plek, maar nes soveel ander oggende het hy nie 'n koekieng kloe waar hy vanaand gaan slaap nie.

Bokant hom span 'n grys hemel, al het die reën nog nie uitgesak nie en is daar net genoeg vog in die lug om sy wange klam te hou, sy kuif teen sy voorkop vas te plak en af en toe 'n ysige traan in sy nek te laat afrol.

Net nog 'n pad.

Nou al soveel paaie.

Hy dra 'n leerbaadjie oor sy swart T-hemp. Jeans. Gemaklike skoene; dis skoene vir stap. Die res van sy klere is in sy rugsak en die tas in sy linkerhand.

Maar natuurlik dra hy veel meer as dít met hom saam.

Sy naam is Paul Matthee en hy is vier-en-dertig.

Toe die trein 'n halfuur of wat gelede by Wellington se stasie inkrue, het hy onthou dat hy op 'n keer gelees het alle treine moet daar stilhou. Hy het 'n kaartjie tot in die Kaap gehad, maar omdat dit bloot 'n volgende bestemming was en amper vir seker

nie 'n eindpunt nie, kon hy nou afklim indien hy so 'n ingewing kry; toe kry hy dit en doen dit.

Op die perron was dit net hy en ritselende, bleekbruin blare.

In die manstoilet het hy asem opgehou terwyl hy by een van Suid-Afrika se mees bedenklieke urinale water afslaan, toe is hy na die kafeetjie om by die semibewustelose vrou agter die toonbank iets vir sy gorrende maag te kry. By gebrek aan alternatiewe was dit slap tjips in 'n styrofoam-bakkie met vuilgevatte sellofaan oor; slap kon hy die tjips nie werklik meer noem nie; die gevorderde stadium van rigor mortis het verklap dat dit gister al gebraai is, indien nie verder in die verlede nie. Maar dit was darem net-net beter as niks nie en buite die stasiegebou is hy al kouende verby 'n groepie vroegdag-aangeklamdes wat luidrugtig op die gebarste teer sit en filosofeer het.

En toe moes hy kies: hy het dit nie oorweeg om by die Railway Hotel met sy geroeste sinkdak aan te klop nie, daarom was sy opsies om regs oor die brug Wellington binne te stap en ander verblyf te soek, of reguit aan te hou en die dorp te verlaat.

Die pad vorentoe het gelyk of dit behoortlik in stand gehou word. Partykeer is dit mos sommer so iets wat jou 'n besluit laat neem.

Hier is hy dus op die R44.

Die triestigheid verminder nie die omtrek se skone impak nie, soveel skakerings van groen, sierlike heuwels, berge wat gemaak is om lank te bewonder. Ruimte. Paul Matthee sou graag wou glo dat die oopte 'n verskil kan maak en hier iewers 'n oplossing wag wat hy nie in die frenetiese Pretoria kon vind nie, maar daar was reeds ánder ooptes, so ook ander stede in diverse weersomstandighede, en hy is nog net so opgefok soos toe hy begin stap het.

Maar wie weet. En die alternatief is dat hy tot stilstand kom, en dan raak hy mal.

Daar is geen geluid buiten sy gelykmatige tred op die skouer

van die pad nie – of tog, as hy sy ore daarvoor oopmaak: die swiep van die vlerke van 'n voël wat skuiling soek, of so verbeel hy hom; 'n geritsel in die bossies hier naby, dalk 'n diertjie wat vir hom wegkruip; die windjie se weemoedige geskuur; en 'n ...

Naderende motor. Sy hand skiet ge oefend uit, duim in die lug, al verwag hy nie dat dit sal stilhou nie.

Hulle hou dan ook blitsig verby, 'n gesin in 'n wit Yaris. Daar is net genoeg tyd om die vorms van twee groot koppe voor en drie kleineres agter uit te ken, toe verdwyn die motor agter die bordjie.

R46 Hermon	10
R44 Porterville	63
R46 Ceres	64

Enigee van die drie plekke klink na 'n goeie opsie, of ewe min.

Hy hou aan met stap, verby afdraaipaaie na plase en kwekerie. Daar kom geen ander motors nie, lyk of alle mense van die omgewing klaar is waar hulle moet wees.

Regs van hom is nie meer die groenigheid wat die area kenmerk nie, maar vaal veld waar dikboud-skape mislik saamkoek. Op linkerhand lyk dit steeds soos dit moet, supergroen, maar oor die golwings loop kragdrade op lang bene en steek kleim af namens die moderne eeu. Natuurlik is die netjies afgekampte gebiede reeds 'n teken van menslike ingryping, maar anders as die rigiede lyne van die kragdrade lyk dit rég, asof die natuur die ordening aanvaar het.

Agt kilometer of wat verder kry hy 'n afdraaipad na links. Soos party mense 'n horlosie in hulle koppe het, het daar in syne 'n afstandleser ontwikkel. Loop hy teen 'n sekere pas, dan weet hy dat hy oor 'n sekere tyd op 'n kol sal wees wat hy in die verte uitkies.

Tyd vir nog 'n besluit: reguit aan Ceres toe, of gaan hy kyk wat aan dié kant lê?

Watter verskil kan dit maak? Hy weet nie hoekom hy skielik huiwer nie. Dis of sy sintuie opgeskerp is en hy meer wil hoor as wat daar te hore is. Selfs meer wil voel.

Dis die ding. Hy frons. As hy aan iets soos 'n sesde sintuig geglo het, het hy nou gedink dit probeer hom oorreed om nie hier af te draai nie. Reguit vorentoe is beter. Hy was nog nie op Ceres nie en dis so goed soos enige ander plek.

Maar net om aan homself te bewys hy heg geen waarde aan iets so onbetroubaars soos 'n voorgevoel nie, verlaat hy die R44.

R46

Hermon	1
Riebeek-Kasteel	10
Malmesbury	30

Stap gee jou baie tyd om te dink. Te veel. Maar hy móét dink, dis dan Operasie Kop Skoonmaak dié.

Dink aan die mense wat hy agtergelaat het. Dit was 'n belediging om pad te gee, want hulle wou help. Niemand het 'n wrok teen hom nie.

Dink aan wat hy volgende moet doen. Watse nuwe werk, watse nuwe blyplek. Hy kan hom nie indink dat hy iewers sal vashaak en vasgroeï nie, al het hy in die verlede nes soveel ander mense só 'n plek gesoek en dit wel gekry. Die regte soort werk gevind ook, maar daai beroep kan hy nooit weer hê nie.

Kop wil nie skoon kom nie.

Hy vorder oor 'n brug, kyk af op 'n geswolle rivier, loop om 'n draai, laat die klein Hermon al hoe verder agter hom. Hy is nou al meer as vier en minder as vyf kilometer verby die bordjie, skat/weet hy. Sy oog volg die heuwels se stygende lyn tot waar dit doer anderkant berg word. Dalk moet sy eindpunt vir die dag daar rond wees, want sy bene begin lam raak, sy voetsole teer.

Hy wonder wat hom nog onderskei van 'n boemelaar – die geloof dat hy tog eendag sal ophou loop? Wie sê die meeste boemelaars het hulle nie dieselfde ding ingeprent nie? Maar hy kry darem die land te siene.

Swartland. Wynland.

Die sonnetjie beur deur 'n gat in 'n wolk. Hier is die natuur nog meer vertonerig en wil hy al die mooiheid inneem, want hoe kan hy halfpad deur sy dertigs blind wees daarvoor? Hy moet onthou sy lewe is nog lank nie verby nie. Hy soek al hoe lank, hy wroeg en boet. Vind niks, want daar wag geen redding in eksterne dinge nie soos enige sielkundige of selfhelpboek hom sou kon gesê het. Die antwoord lê in jouself, mense is jou hel, bla-bla-bla, 'n pad is 'n pad.

Weg is die son weer. Donker kolletjies verskyn op die teer voor en om hom.

Die druppels begin met groter dringendheid val.

Motor!

Hy kyk nie om nie, maar die gesing van die enjin raak harder. Die motor gaan verbyry, weet hy, want selfs al is daar 'n barmhartige Samaritaan agter die wiel, sal hy dink hy gly nou te lekker hier af en hoekom stilhou vir 'n drommel wat met sy klam gat die bekleedsel kan bederf? Dit sal duur bekleedsel wees. Dit klink soos 'n Mercedes of BMW se enjin.

Nietemin skiet sy hand uit, duim in die lug.

'n Mercedes. Eers die flits van silwer metaal, dan 'n paar hande op die stuurwiel. Die man dra 'n uniform, en Paul wil sy wenkbroue lig, want waar kry jy vandag nog goed soos chauffeurs? Oukei dan, jy kry hulle, maar hiér? Die man, met 'n pet, liggrys net soos sy baadjie, draai sy kop so effens, kyk na hom uit die hoek van sy oog, en dis dalk Paul se stapsufheid wat hom laat glo hy bespeur in daardie sekonde of wat 'n meewarigheid aan hoe die chauffeur weer vorentoe kyk, sy ken gelig.

Agterin vang hy 'n glimp van 'n ouer man in 'n donker pak, en Paul besluit dit was nie sy verbeelding nie, want in dié een se blik is daar beslis 'n hovaardigheid.

En daar gaan die silwer simbool van rykdom, seil dit na die een of ander bestemming waar vuur seker in die kaggel sal knetter, die duurste brandewyn geskink sal word en 'n elektriese kombes voor slapenstyd die koningsgrootte bed sal verhit.

As sulke dinge geluk kon bring, het Paul nou daarvoor gewens. Hy vervies hom toe hy besef sy hand is nog in die lug.

Dan hoor hy dit.

Die geluid.

En binne 'n breukdeel van 'n sekonde is hy weer dáár, die aand, die uur waarvan hy nie kan wegkom nie, al gaan hy so ver soos sy voete hom kan neem. Dis of 'n groot hand hom aan die bors gryp, deur die vel dring en sy hart vind en dit druk, druk. Sy asem is weg.

Twee dowwer geluide volg. Die vallei se stilte is brutaal opgehef, al die rustigheid was net 'n illusie.

Een skoot, twee eggo's.